| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: 100/2008
Saak Aangehoor: 16/04/2009 en 17/04/09
Datum gelewer: 04/05/2009

**In die saak tussen:**

R Esau — Eiser

en

Minister van Veiligheid en Sekuriteit — Eerste Verweerder

Inspekteur Lottering — Tweede Verweerder

Inspekteur F Luis — Derde Verweerder

## UITSPRAAK

**Henriques WnR:**

1. Die Eiser in die saak, Mnr Esau, het 'n dagvaarding uitgereik teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit in sy hoedanigheid as Uitvoerende Hoof van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en as werkgewer van Inspekteur Lottering en Inspekteur Luis as Tweede en Derde Verweerders onderskeidelik.

2. Hy beweer dat hy op 4 April 2007 te Varkoorsingel 17, Progress, Upington gearresteer is sonder 'n lasbrief deur die Tweede en Derde Verweerders. Hy is daarna vir ongeveer 12 ure te Rosedale

Polisiestasie, Upington aangehou op instruksies van die Tweede en Derde Verweerders en verskeie ander polisiebeamptes.

3. In die verweerskrif van die Verweerders erken hulle dat die Eiser gearresteer was, maar beweer hulle dat dit plaasgevind het op 5 April 2007 en wel op klagtes van roof in terme van Artikel 40 van Wet 51 van 1977. Hulle beweer dat die Eiser op daardie stadium gearresteer was omdat daar 'n redelike vermoede was dat hy betrokke was by 'n Skedule 1 misdryf naamlik roof.

4. Dit was gemenesaak tussen die partye dat die enigste geskilpunt was of die Tweede en Derde Verweerder, toe hulle die eiser gearresteer het, redelike gronde gehad het om hom te arresteer. 'n Ander geskilpunt was, tensy daar in die guns van die Verweerders beslis sou word, wat die kwantum van die Eiser se skade sou beloop.

5. Die Verweerders het ook die bewyslas aanvaar voordat die saak begin het.

6. Die eerste getuie vir die Verweerders was die Derde Verweerder, Speur-Inspekteur Fernando Luis, ("Luis"). Hy is gestasioneer by Georganiseerde Misdaad te Kimberley en het 19 jaar ondervinding in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Aan die einde van Maart 2007 het n bankroof te FNB Upington plaasgevind. Luis is versoek om die ondersoekbeampte, Speur-Inspekteur Muller ("Muller"), behulpsaam te wees om die saak te ondersoek. Op 2 April 2007 het Luis na Upington vertrek. Hy is vergesel deur Superintendent Perumal en Inspekteur Lottering. Met hulle aankoms in Upington het Luis en Muller na die bank se video opname van die roof gekyk.

7. Terwyl hulle na die video opname gekyk het, het hulle 'n verdagte geidentifiseer wat 'n swart leerbaadjie met 'n oranjekleurige geruite hemp en 'n denimbroek gedra het. Die verdagte het ook 'n swart leertas gedra. Sy kop was kaal geskeer. Hy het 'n smal snortjie gehad en volgens Luis, was hy effens korterig. Muller het ook vir Robbie Coetzee ("Coetzee") 'n bekende bankrower op die bandopname herken. Hulle het ook 'n werknemer van die bank, Desmond Julies ("Julies) wat 'n bankteller op die dag van die roof was, verdink. Hulle het Julies ondervra oor die roof by die bank. Die video opname is ook aan hom gewys, maar hy het ontken dat hy enigsins by die roof betrokke was. Hy het tydens die ondervraging sy selfoon aan Luis oorhanding en Luis het all die nommers in sy "phonebook" neergeskryf.

8. Die nommers in die "phonebook" het met spesifieke name geklop. Dit is toe dat 'n aansoek in terme van Artikel 205 van die Strafproses Wet 51, 1977 gebring is vir afskrifte van Julies se selfoonstate.

9. Die selfoonstate is eers op 3 April 2007 bekom. Nadat hy en Muller deur die selfoonstate gewerk het was daar 'n duidelike patroon met van die selfoonnommers. Toe hulle na die selfoonstate van Julies gekyk het, het hulle opgelet dat Coetzee se selfoonnommer die oggend van die roof en 'n paar keer na die roof op die state gewys het. 'n Ander nommer is op die state opgelet, voor die roof, die dag van die roof en na die roof. Die nommer het hulle later leer ken as die Eiser se selfoonnommer.

10. In terme van Artikel 205 het hulle die selfoonstate van die Eiser vanaf Cell C ook aangevra.

11. Nadat Luis en Muller die state van Cell C ontvang het, het hulle opgemerk dat die adres van Varkoorsingel 17 op die state voorkom. Op 4 April 2007 het hulle verby Varkoorsingel 17 gery. Luis en Muller het opgemerk dat daar voor die huis 'n man, met dieselfde liggaamsbou as die persoon wat op die video opname was, langs 'n wit VW Jetta gestaan het. Dié persoon se lengte en gelaatstrekke het ooreengestem met die persoon op die video opname.

12. Luis en Muller het 'n visenteringslasbrief asook 'n lys van items gemerk aanhangsel A, tot die visenteringslasbrief bekom. Items op aanhangsel A het bestaan uit: 'n kluis, kontantnote, kleefband, aktetas, swartleerbaadjie, oranjekleurige geruite hemp, ligte lang jeanbroek, selfone, nota's en dagboeke. 'n Afskrif van die visenteringslasbrief en die aanhangsel is ingehandig as bewysstuk "F".

13. Nadat die visenteringslasbrief uitgereik is, is Luis en Muller na die huis te Varkoorsingel 17 tesame met lede van die ACCU. Met hulle aankoms by dié adres het Muller aan die deur geklop waarna die Eiser die deur oopgemaak het. Muller het aan die Eiser die doel van hulle besoek verduidelik en die visenteringslasbrief aan die Eiser gewys.

14. Die Eiser het geen probleem met die visentering van die huis gehad nie en is hulle die huis in om die huis te deursoek. Tydens die deursoekingsproses het Muller in die kas in die kamer 'n swart leerbaadjie gekry. Muller het beslag gelê op die baadjie en daarna die Eiser gearresteer waartydens Muller die Eiser se regte aan hom verduidelik het.

15. Inspekteur Lottering is versoek om die Eiser na die polisiestasie te Rosedale te neem. Luis het getuig dat die Eiser gearresteer is omrede hulle 'n redelike vermoede gehad het dat die Eiser wel by die roof betrokke was, aangesien 'n swart leerbaadjie by sy huis gevind is, sy liggaamsbou en gelaatstrekke ooreengestem het met dié van die man op die video opname en laastens omrede die selfoonstate aangetoon het dat die Eiser wel met Julies in verbinding was.

16. Op dieselfde dag wat Luis en Muller die visenteringslasbrief vir die Eiser bekom het, het hulle ook visenteringslasbriewe vir Julies en Coetzee bekom. Hulle huise is ook dieselfde aand as die Eiser s'n gevisenteer en hulle is ook dieselfde aand gearresteer.

17. Hulle het Coetzee eerste begin ondervra. Tydens die ondervraging van Coetzee, het Coetzee sy betrokkenheid by die roof geopenbaar. Hy het melding gemaak van geld wat by 'n plaas te Keimoes was en het versoek om 'n Artikel 204 getuie te word. Hy het die polisie na 'n plaas geneem waar hulle die geld van die roof gekry het en is hy dan weer teruggeneem polisiestasie toe waar Coetzee versoek het om sy eie verklaring te skryf.

18. Nadat Muller, Coetzee se verklaring nagegaan het, het hulle besef dat daar nie genoegsame getuienis was om Eiser met die roof te verbind nie of dat die Eiser by die roof betrokke was nie. Dit was om dié rede dat die Eiser toe onmiddellik vrygelaat is.

19. Advokaat van Tonder, vir die Eiser, het Luis deurtastend gekruisondervra, maar hy het volstaan by sy getuienis sonder om daarvan af te wyk.

20. Hy is pertinent gevra hoekom hy en Muller nie 'n verklaring afgelê het oor die feit dat hulle die dag van die Eiser se arrestasie verby sy huis gery het nie, en iemand opgelet het wat dieselfde ligaamsgebou en gelaatstrekke het as die persoon op die video opname. Luis se verduidelikking daarvoor is dat hy nie so 'n verklaring afgelê het nie. Dit is aan hom gestel dat die rede hoekom hy nie so 'n verklaring afgelê het nie is omdat hy en Muller dit nie gedoen het nie en hierdie getuienis na die tyd gefabriseer is.

21. Hy is ook gevra oor die patroon in die selfoonstate. Tydens kruisondervraging het Luis getuig dat die patroon gaan nie net oor die hoeveelheid oproepe wat gemaak was nie, maar ook oor wanneer die oproepe gemaak was, die tydsverloop van die oproepe, en die rol wat elke persoon in die roof gespeel het.

22. Tydens Luis se getuienis het dit ook aan die lig gekom dat die oorspronklike dossier nie meer bestaan nie. Dit is by die hof gesteel en 'n sekuriteitsbeampte is daarvoor gearresteer. Meestal van die oorspronklike notas is daarmee heen.

23. Dit is ook aan Luis gestel dat tydens die visentering van die Eiser se huis daar tussen 15 en 20 polisiemanne teenwoordig was. Hulle was hardekwas met hom en hulle het deurgaans hulle gewere op hom gerig. Die Eiser is nooit 'n kans gegee om sy betrokkenheid by die roof te ontken en 'n weergawe te stel nie. Hy is nooit toegelaat om enigiets te sê nie.

24. Die tweede getuie vir die Staat was Speur-Inspekteur Jakobus Johannes Phillipus Muller. Sy getuienis het ooreengestem met dié van Luis. Tydens sy getuienis het hy ook melding gemaak dat die persoon op die video opname 'n snortjie gehad het. Hy het

bevestig dat nadat hulle die selfoonstate bekom het, hulle die dag van die Eiser se arrestasie verby Varkoorsingel 17 gery het. Daar het hy ook iemand gesien met dieselfde liggaamsbou, gelaatstrekke en ook lengte wat ooreenstem met die man op die video opname. Op daardie stadium het hy nie geweet dit was die Eiser nie.

25. Muller het daarna die visenteringslasbriewe bekom en die huise van die verdagtes gevisenteer. Coetzee se woning is eerste gevisenteer, daarna 'n ander verdagtes waarna die Eiser se woning laaste gevisenteer was. Muller het bevestig dat ten tye van die visentering, 5 lede van die ACCU behulpsaam was.

26. Met hulle aankoms by die Eiser se huis so na nege die aand, het hy aan die deur geklop en die Eiser het die deur oopgemaak. Nadat hy die visenteringslasbrief aan hom getoon het, en 'n afskrif vir hom gegee het, het die Eiser hulle die huis laat visenteer. Hy het gesê dat die Eiser rustig was.

27. Toe hy in die slaapkamer inbeweeg het, het hy die Eiser se vrou, wie 'n Kaptein te Rosedale SAPD was, herken en haar gegroet. Hy het die kaste deursoek en 'n swart leerbaadjie in die manskas ontdek. Hy het dit in besit geneem en die Eiser se voertuig asook sy gereedskapskis is deursoek.

28. Hy het die Eiser versoek om hulle te vergesel na die polisiestasie om vrae te beantwoord, en hom onder arres geplaas.

29. Nadat Muller die Eiser in terme van sy regte gewaarsku het, en hom gearresteer het, het hy aan Inspekteur Lottering ("Lottering") opdrag gegee om die Eiser na die Rosedale polisiestasie te neem.

30. Muller het bevestig dat hy die Eiser gearresteer het omdat hy 'n redelike vermoede gehad het dat hy by die bankroof betrokke was. Die vermoede is gebaseer op die volgende:- omdat hy 'n swart leerbaadjie by die Eiser se woning gekry het, tweedens omdat die bankamptenaar, Julies, se selfoonstate gewys het dat hy in kontak was met die Eiser, en derdens weens die Eiser se ooreenstemming met die verdagte op die video opname.

31. Nadat hulle Coetzee ondervra het en na deurlees van sy verklaring, het hy opdrag gegee dat die Eiser vrygelaat moet word weens die feit dat hy nie by die roof betrokke was nie. Dit is aan ene Kaptein Mona oorgedra omdat hy alreeds oppad Pretoria toe was, om van die ander verdagtes wat deur Coetzee geinkrimineer was, te arresteer.

32. Tydens kruisondervraging deur Advokaat Van Tonder, het Muller bevestig dat hy nie 'n verklaring oor die Eiser se ooreenstemming met die verdagte op die video opname afgelê het nie. Hy het getuig dat dit op die tydstip wat hy sy verklaring afgelê het nie nodig was nie. Hy het ook getuig dat selfs as hy en Luis nie die Eiser vroeër die dag gesien het toe hulle by sy huis verby gery het nie, sou hy nog steeds die Eiser gearresteer het.

33. Die Verweerders het hulle derde getuie, Kaptein Lottering, geroep. Hierdie getuie het vir die duur van Luis en Muller se getuienis in die Hof gesit. Sy getuienis was dat hy nadat die Eiser gearresteer was, in opdrag van Muller, die Eiser na die Rosedale polisiestasie geneem het, waar hy hom in die selle ingeboek het. Hy het ook bevestig dat hy aan hom sy regte verduidelik het en het hy die Eiser laat onderteken om te bevestig dat sy regte aan hom verduidelik is. Die Eiser is in die selle geplaas na 12h00 die oggend van die 5de April 2007. Die Eiser het ook bevestig dat hy

deur Kaptein Mona vrygelaat is. Dit is vir die eerste keer tydens die verhoor deur Advokaat Van Tonder aan hierdie getuie gestel, dat nie hy nie, maar Kaptein Mona, die Eiser na die Upington polisiestasie geneem het en daarna is hy deur Lottering na Rosedale polisie stasie geneem. Dit is nooit aan die ander getuies gestel nie.

34. Muller het ook bevestig dat nadat hulle met die ondervraging van Coetzee begin het is hulle na Keimoes om die geld te gaan haal wat Coetzee uitgewys het. Met hulle terugkoms het Coetzee sy verklaring self uitgeskryf en is die Eiser daarna vrygelaat. Dit was sy verduidelikking vir die tydsverloop van die Eiser se arrestasie tot sy vrylating.

35. Dit was dan die saak van die Verweerders.

36. Die Eiser het getuig dat hy 'n 41-jarige man is wat sy eie besigheid bedryf naamlik Progress Business Solution en welke besigheid vanuit Upington bedryf word.

37. Sy vrou is 'n Kaptein in die SAPD en is gestasioneer te Rosedale Polisiestasie, Upington.

38. Die Eiser erken dat hy vir Desmond Julies, een van die beskuldigdes in die saak, al vir die afgelope 5 tot 6 jaar ken. Hulle albei is betrokke by die jeug van hulle gemeenskap en dit is weens die betrokkenheid by bogenoemde dat hulle vriendskap ontwikkel het. Die Eiser het ook erken dat hy geweet het dat Julies by FNB Upington werksaam is en dat Julies die Eiser se persoonlike rekening sowel as die besigheidsrekening hanteer. Die Eiser bevestig dat hy op 'n gereelde basis met Julies

gekommunikeer het en hom ook gesien het. Hy was ook in besit van Julies se selfoonnommer.

39. Tydens die nag van die 4de April 2007 was dit sy verjaarsdag asook hy en sy vrou se huweliksherdenking. Vriende van hulle, Glen en Maria Marshall, het hulle uitgeneem na die Dros Restaurant om sy verjaarsdag en hulle huweliksherdenking te vier. Die Eiser getuig dat hulle tussen 20h30 en 21h00 by die huis aangekom het. Hy het daarna uitgetrek en gereed gemaak om in die bed te klim om te slaap.

40. Net na 21h00 was daar 'n klop aan die deur en het hy die deur oopgemaak. Op die stoep was daar 'n hele paar mense en het hy hulle gevra waarmee hy hulle kon help. Die Eiser getuig dat Inspekteur Luis aan hom verduidelik het wie hulle is en hom versoek of hulle binne die huis kon gesels. Vandat hy die deur oopgemaak het was daar gewapende polisiebeamptes wie se wapens die hele tyd op hom gerig was. Binne die huis was die vuurwapens steeds op hom gerig, maar het die wapens effens meer grond toe gewys.

41. Inspekteurs Luis, Muller, Superintendent Perumal, Kapteins Kepadise, Mona en Inspekteur Lottering was in sivieledrag. Die res van die polisiebeamptes was uniformdraende ACCU lede vanaf Kimberley met outomatiese gewere, koëlvaste baadjies en R5-gewere. Volgens die Eiser se skatting was daar tussen 15 en 22 polisiebeamptes.

42. Die Eiser getuig dat Luis die visenteringslasbrief aan hom gewys het. Op daardie stadium was sy vrou in die slaapkamer gewees en hy en die twee kinders was in die sitkamer. Sy seun was op daardie stadium 7 jaar oud en sy dogter was 5 jaar oud. Met die

dat die vuurwapens steeds op hom gerig was het die kinders paniekerig geraak en gehuil waarna hy hulle wou troos. Op daardie stadium het een van die polisiebeamptes aan hom gesê dat hy die kinders moet los en saam met hulle moet gaan terwyl hulle die huis deursoek.

43. Volgens die Eiser het hy net na aanhangsel A van die visenteringslasbrief gekyk en nie mooi na die visenteringslasbrief en die rede hoekom hulle die huis wou visenteer nie. Hy het hulle ook nie daaromtrent uitgevra nie. Hy het hulle na die kamer en sy hangkas geneem.

44. Luis het sy hangkas deursoek en het sy beursie en tjekboek van die besigheid verwyder. Sy vrou se hangkas is ook deursoek en dit is waar 'n swart leerbaadjie gevind is. Muller het 'n blink sak gaan haal en het hom gevra watter klere hy op die 31ste Maart 2007 aangehad het. Hy het vir Muller gesê dat hy 'n grys T-hemp met 'n blou sweetpakbroek aangehad het. Die blou sweetpakbroek, die T-hemp, sy beursie met die geld daarbinne en die swart leerbaadjie is in die sak geplaas deur Inspekteur Muller en het hy die by hom gehou.

45. Terwyl die kamer gevisenteer is, is hy na die kombuis toe. Sy vrou het op hulle bed gesit en Kaptein Perumal het ook op sy bed gaan sit. Hy was baie kwaad dat Perumal op sy bed gaan sit het. Toe hy die kombuis binnegaan het Luis hom gevra of hy 'n gereedskapskis het. Luis het die gereedskapskis deursoek en daarna is hulle na sy voertuig wat hulle ook deursoek het. Dit is op dié stadium dat hulle gesê het dat hulle 'n bankroof wat 'n paar dae vantevore te Upington plaasgevind het, ondersoek. Die Eiser getuig dat hy vir hulle gesê het dat hy niks daarvan weet nie en het Perumal gesê hy ken bankrowers, hulle is altyd rustig.

46. Inspekteur Muller het die Eiser gevra of hy hulle asseblief kon vergesel na die Polisiestasie aangesien hulle met hom wil gesels en hom 'n paar vrae wou vra. Hy het ingestem om saam met hulle te gaan waarna hulle hom 'n kans gegee het om aan te trek. Die Eiser het ontken dat hulle aan hom gesê het dat hy onder arres was of dat sy regte aan hom verduidelik is.

47. Hy is daarna in 'n wit VW Polo saam met Kaptein Mona en twee ander lede van die ACCU na Upington polisiestasie geneem. Volgens die Eiser het hy net na 21h00 daar aangekom en het hy ongeveer 'n uur daar gesit en wag voordat Lottering gevra is om hom na die Rosedale polisiestasie te neem. Met sy aankoms by Upington polisiestasie het hy ook ander verdagtes, naamlik Coetzee, Paulton en Julies daar gesien sit, maar het hy nie met hulle gepraat nie. Nadat Lottering hom by Rosedale polisiestasie ingeboek het, het hy aan hom 'n dokument oorhanding. Volgens die Eiser het Lottering hom net gevra om die dokument te onderteken sonder om die dokument aan hom te verduidelik. Hy het die dokument onderteken waarna hy onmiddellik na die selle geneem is waar hy toegesluit is. Hy het die hele nag in die selle vertoef. Hy het eers die volgende oggend van die skoonmakers gesien. Hy het ook daardie oggend van die polisiemanne wat rondtes gedoen het herken, naamlik Superintendent PC Koetse en Superintendent van Kratenberg.

48. Na 13:00 het Kaptein Mona daar aangekom en aan hom gesê dat hy nie by die aangeleentheid betrokke was nie en dat hy maar kan huistoe gaan. Die Eiser is nooit die geleentheid gegun om 'n verduideliking aan te bied nie. Na verloop van 'n paar dae het die Eiser sy baadjie by Inspekteur Muller gaan haal.

49. Die Eiser het getuig dat toe hy gevra is om die polisie te vergesel na die polisiestasie, hy onder die indruk was dat hy net 'n paar vrae gevra sou word. Toe hy aangehou was het hy verneder gevoel. Hy het geen kriminele rekord nie en het gedink aan sy vrou wat die volgende oggend aan diens moet kom. Hy het ook aan sy kinders gedink voor wie hy weggeneem is. Hy het ook getuig dat die gemeenskap baie oor die bankroof gepraat het. Die mense van die gemeenskap was geskok en alhoewel hy nie saam met die ander beskuldigdes toegesluit was nie het hulle in Upington rondgeloop met hulle hande voor hulle monde toe hulle hom sien.

50. Tydens kruisondervraging het dit geblyk dat hy gesukkel het om die datum van die roof te onthou. Hy is deeglik deur Advokaat Erasmus vir die Verweerders ondervra oor sy selfoonstate. Hy is uitdruklik gevra waaroor die gesprekke met Desmond Julies op die dag van die roof gegaan het. Hy het verduidelik dat Julies voorheen saam met hom by 'n plaaslike dokter was en op die 31ste Maart 2007 is hy na die dokter om sy rekening te gaan betaal. Terwyl hy by die dokter was het die ontvangsdame hom gevra om vir Julies te kontak en vir hom te sê dat die dokter hom met betrekking tot bloedtoetse wil sien. Hy is gevra of hy vir Julies gebel het en hy het beaam dat hy hom gebel het. Hy is ook gevra of sy selfoonstate daardie oproepe sal bevestig en sy antwoord was: "defintief".

51. Sy selfoonstate is aan hom getoon en is hy gevra om uit te wys waar op die selfoonstate die twee oproepe was wat hy op die 31ste na Julies gemaak. Sy selfoonstate het nie gewys dat hy op daardie dag vir Julies gebel het nie. Inteendeel, die getuienis het wel gewys dat Julies hom gebel het. Toe hy uitdruklik deur Mev Erasmus daaromtrent uitgevra is het hy toegegee dat daar geen

oproep vanaf sy selfoon na Julies gemaak is nie. Hy het ook bevestig dat Julies hom die aand van die voorval, van die roof vertel het. Julies het hom meegedeel dat hy afgeboek is en dat hulle daaroor moet praat en het Julies hom ook meegedeel dat hy 'n verdagte in die bankroof was.

52. Hy het niks daarvan gedink nie omrede Julies, tydens daardie gesprek, aan hom gesê het dat hy onder verdowing was. Die Saterdagmiddag het hy vir Julies besoek. Toe die Eiser gevra is hoekom hy niks daarvan gedink het die aand na die roof toe Julies hom daarvan vertel het nie, was sy antwoord dat hy vir Julies ken en dat Julies nie by 'n roof betrokke sou raak nie. Dit is sy rede waaroor hy nie vir Julies verder daaroor uitgevra het nie.

53. Tydens kruisondervraging het hy ook erken dat mense hom ken by die naam van Rebo, Revas, Reggae en Riaan. Hy het erken dat toe die polisie by sy huis aangekom het, Luis hom gevra of hy Rebo is en of dit Varkoorsingel 17 is. Hy het geantwoord en gesê dat hy nie Rebo is nie en dat hy Riaan Esau is en dat dit wel Varkoorsingel 17 is. Hy het wel bevestig dat mense hom Rebo noem.

54. Tydens kruisondervraging het hy gesê dat hy nooit gearresteer was nie spesifiek deur Luis en Lottering, en dat sy regte nooit aan hom verduidelik is nie. Hy het ook erken dat nie hy of sy vrou tydens die deursoeking van hulle huis, vir die polisiebeamptes gevra het waarom hulle die huis deursoek of waaroor die deursoeking gaan nie. Hy het ook erken dat hy nooit gevra het waarom hy gearresteer is nie en nie hy of sy vrou het aangebied om 'n verduideliking vir die polisiebeamptes te gee nie. Hy het bevestig dat hy nie geboei is nie en ook dat die polisiebeamptes nie hardekwas met hom was nie. Volgens sy getuienis het die

polisiebeamptes hulle ordentlik teenoor hom en sy vrou gedra en dat hulle nie hardekwas was nie. Hy het net kwaad geraak omdat Perumal op sy bed in sy slaapkamer gaan sit het.

**REGSPOSISIE**

55. Artikel 40(1)(b) maak voorsiening vir die volgende:

"(1) *'n Vredesbeampte kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem-*

*(b) wat hy redelikerwys verdink dat 'n Bylae 1 bedoelde misdryf gepleeg het, behalwe die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring; ...*"

56. In **R v Van Heerden** 1958 (3) SA 150 (T) op 152D-E het Galgut WnR soos hy toe was, die volgende gesê:

"*'Suspect' and 'suspicion' are words which are vague and difficult to define. Dictionary meanings and decided cases were quoted to the Court as to the meaning of these words. Save for saying that these suggest that suspicion is apprehension without clear proof I do not intend to deal with the meaning of 'suspect,' because it seems to me that the words 'reasonable grounds' qualify the suspicion required by the section. These words must be interpreted objectively, and the grounds of suspicion must be those which would induce a reasonable man to have the suspicion.*"

57. Die toets om te bevestig of daar 'n redelike vermoede bestaan is objektief bepaalbaar.

58. In **Duncan v Minister of Law and Order** 1986 (2) 805 (A) het die hof gekyk na die faktore wat moet bestaan voordat 'n vredesbeampte 'n persoon kan arresteer in terme van artikel 40(1)(b). Die Hof per Van Heerden AR te bladsy 818 F tot H het die volgende gesê:

*"The so-called jurisdictional facts that must exist before the power conferred by section 40(1)(b) of the present Act may be invoked, are as follows:*

(1) *The arrestor must be a peace officer.*
*(2) He must entertain a suspicion.*
(3) *It must be a suspicion that the arrestee committed an offence referred to in Schedule 1 to the Act (other than one particular offence).*
(4) *That suspicion must rest on reasonable grounds.*

*If the jurisdictional requirements are satisfied, the peace officer may invoke the power conferred by the subsection ie, he may arrest the suspect."*

59. In **Mabona and Another v Minister of Law & Order and Others** 1988 (2) SA 654 (SECLD) het Jones R op blady 658E die volgende gesê:

*"The test of whether a suspicion is reasonably entertained within the meaning of s 40(1)(b) is objective ... Would a reasonable man in the second defendant's position and possessed of the same information have considered that there were good and sufficient grounds for suspecting that the plaintiffs were guilty of conspiracy to commit robbery or possession of stolen property knowing it to*

*have been stolen. It seems to me that in evaluating his information a reasonable man would bear in mind that the section authorises drastic police action. It authorises an arrest on the strength of a suspicion and without the need to swear out a warrant, ie something which otherwise would be an invasion of private rights and personal liberty. The reasonable man will therefore analyse and assess the quality of the information at his disposal critically, and he will not accept it lightly or without checking it where it can be checked. It is only after an examination of this kind that he will allow himself to entertain a suspicion which will justify an arrest. This is not to say that the information at his disposal must be of sufficiently high quality and cogency to engender in him a conviction that the suspect is in fact guilty. The section requires suspicion but not certainty. However, the suspicion must be based upon solid grounds. Otherwise, it will be flighty or arbitrary, and not a reasonable suspicion.*"

Sien verder **S v Reabow** 2007 (2) SACR 292 (E) op 297 para 8 in die uitspraak van Plasket R.

60. In die saak van **Olivier v Minister of Safety and Security and Another** 2008 (2) SACR 387(W), Horn R te bladsy 394 E was van mening dat die volgende moet bygevoeg word...."*To this might be added that the facts on which the police officer relies for his suspicion must at least be realistic and well founded, having regard to the circumstances of the particular case.*" In sy uitspraak was Horn R van mening dat daar mag omstandighede wees wanneer " *an immediate arrest may be necessary*".

61. Tydens die betoog is ek verwys na twee sake deur Advokaat Van Tonder, eerstens na die saak van **Louw v Minister of Safety &**

**Security** 2006 (2) SACR 178 (T). In hierdie uitspraak het Bertelsmann R te bladsy 185 B-16B die volgende gesê:

*"An arrest is a drastic interference with the rights of the individual to freedom of movement and to dignity. ... If an accused or a suspect does not represent a danger to society, will in all probability stand his trial, will not abscond and will not harm himself and is not in danger of being harmed by others, and may be able and be keen to disprove the allegations against him or her, an arrest will ordinarily not be the appropriate way of ensuring the accused's presence."*

62. In die saak van **Charles v Minister of Safety & Security** 2007 (2) SACR 137 (WLD) het Goldblatt R nie met Bertelsmann R saamgestem nie. Hy het op die saak van Tsose v Minister of Justice and Others 1951 (3) SA 10 (A) gesteun en het die volgende gesê op bladsy 144B:

*"The Legislature having granted a peace officer the right to make an arrest in the circumstances set out in section 40 has created a situation where due compliance with such section by a peace officer is lawful and affords such peace officer protection against an action for unlawful arrest. In my view, the court has no right to impose further conditions on such persons. To do so would open a Pandora's box where the courts would be called upon in cases of this type to have to enquire into what is reasonable in a variety of circumstances and further where peace officers would be called upon to make value judgments every time they effect an arrest in terms of s40. These judgments which they would have to make would later have to be considered and tested by judicial officers attempting to place themselves in the shoes of the arresting officer. While s40 exists in its present form it offers protection to*

*those who legitimately rely upon it. Obviously the position will be different if the action of the policeman is mala fide or an abuse of the right given to him, but I need not deal with the possible exceptions, as they do not arise in the present case."*

63. Die saak van Tsose is wel voor die totstandkoming van die Konstitusie beslis. Horn R in **Olivier supra** het ook die uitsprake van Bertelsmann R en Goldblatt R oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat die uitsprake nie onversoenbaar was nie en dat elke saak op sy eie feite beslis moet word.

64. In die saak van **Minister of Safety & Security v van Niekerk** 2008 (1) SACR 56 (CC) is die Konstitusionele Hof gevra om verlof te verleen om te appelleer teen 'n uitspraak van die Hof *a quo*. Tydens sy uitspraak het Sachs R (met wie al die Regters saamgestem het) gesê dat "*the Constitutionality of an arrest is heavily dependant on the factual circumstances*". Die Hof het ook die staande orders van die polisie nagegaan en het gesê dat hierdie staande orders as riglyne vir die polisie gebruik mag word. Die Hof het verder gesê dat: "it is undesirable to articulate a blanket and all purpose test for arrest." In paragraaf 17 en 20 van Sachs se uitspraak het hy gesê dat hierdie tipe van sake is ... "*fact specific*".

65. In die saak van **Brown and Another v Director of Public Prosecutions and** Others 2009 (1) SACR 218 (C) Fourie R het verwys na die uitspraak van **Gellman v Minister of Safety and Security** 2008 (1) SACR 446 (W)waarin dit bevind was dat ..." *the police should preferably seek corroborative evidence before making a warrant-less arrest.*"

66. As daar gekyk word na die getuienis in die geheel blyk dit dat die polisiebeamptes, Muller en Luis 'n redelike vermoede gehad het om die eiser te arresteer. Selfoonstate wat hulle in terme van artikel 205 bekom het, het bewys dat die Eiser op die dag van die roof onderskeidelik twee gesprekke met die beskuldige in die saak gevoer het naamlik Desmond Julies. Julies se selfoonstate het ook bewys dat hy op die dag van die roof in verbinding was en ook 'n gesprek gevoer het met Robbie Coetzee, een van die hoofverdagtes in die saak. Nadat die selfoonstate van Julies bekom is het die polisie verder gegaan om die Cell C state van die Eiser te bekom. Die adres van die Eiser was op die selfoonstate.

67. Luis en Muller het getuig dat nadat hulle die adres van die Eiser bekom het, hulle na die Eiser se woonadres gegaan het om te kyk wie daar woon. Hulle het die Eiser daar gesien. Sy ooreenkoms met die persoon op die video opname, tesame met die patroon wat hulle ontleed het van die selfoonstate, het daartoe beweeg om later 'n visenteringslasbrief te bekom. Nadat die leerbaadjie ook by die Eiser se huis gevind was het hulle op al drie die bene gesteun om die Eiser te arresteer.

68. Ek is versoek deur Advokaat Van Tonder om die getuienis van Luis en Muller te verwerp weens die feit dat nie een van hulle verklarings handel oor die feit dat hulle vroeër daardie betrokke middag verby die Eiser se huis gery het nie en tweedens omrede hulle nie verklarings afgelê het oor die feit dat die Eiser se voorkoms ooreengestem het met die van die persoon op die video opname nie.

69. Daar bestaan geen goeie rede om hulle getuienis oor daardie punt te verwerp nie. Hulle was goeie getuies en ek aanvaar hulle

getuienis daaroor. Selfs as ek nie hulle getuienis daaromtrent sou aanvaar nie, bestaan daar genoegsame getuienis wat tot hulle beskikking was dat hulle tot die gevolgtrekking kon kom dat redelikerwys die Eiser by die roof betrokke was. Ek stem nie saam met Advokaat Van Tonder dat hierdie feite onvoldoende was nie.

70. Muller het ook verduidelik wat intussen gebeur het vanaf die tyd van die Eiser se arrestasie tot en met sy vrylating. Dit was eers nadat hulle met die ondervraging van Coetzee klaar was en sy verklaring gelees het, dat opdrag gegee is die Eiser vry te laat.

71. Ek bevind gevolglik dat die Verweerders hulle van die bewyslas gekwyt het dat die Eiser se arrestasie en aanhouding wel regmatig was.

72. Ek maak dus die volgende bevel:

1. **Die Eiser se eis word van die hand gewys.**

2. **Die Eiser word gelas om die Verweerders se koste op Hooggeregshofskaal tussen party en party te betaal.**

**J I HENRIQUES**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms Eiser: | Adv A G van Tonder |
| In opdrag van: | Engelsman Magabane, Kimberley |
| Nms Verweerders: | Adv S Erasmus |
| Namens: | Staatsprokureur, Kimberley |